PRETORIA BONSAI KAI

## WELCOME TO THE PRETORIA BONSAI KAI

*Afrikaanse vertaling op bladsy 6.

### INTRODUCTION

By joining the Pretoria Bonsai Kai, you become a part of a club that was established in 1969 and was co-founded by one of South Africa's bonsai legends, Charles Ceronio.

The Pretoria Bonsai Kai has a history of high standards with previous and contemporary members who are highly respected and well known.

### MONTHLY NEWSLETTER

Most questions are answered in this newsletter, or the appropriate contact person's details for a specific topic/activity are provided. You will be emailed the newsletter monthly.

The information in the newsletter usually includes:

1. A summary of the previous meeting.
2. The dates of the year's BRAT (Bonsai Regional Association Transvaal) events.
3. The next Pretoria Bonsai Kai meeting details.
4. The next bonsai workshop details.
5. Members' birthdays.
6. The next beginners' course details.

7. Club Account details as well as committee member contact details.

**BRAT, SABA and ABA**

By being a paid member of the Pretoria Bonsai Kai, you immediately become a member of BRAT, SABA (South African Bonsai Association) and ABA (African Bonsai Association).

A designated provincial club belonging to BRAT will host a BRAT day. The day usually includes competition trees on exhibition, demonstrations, talks and vendor sales. The entrance fee to attend such a day is normally around R70. There are usually four BRAT meetings annually.

A designated national club belonging to SABA or ABA will host a full or mini convention. Usually, one annually. These events offer activities similar to a BRAT Day.

Detailed information about these events will be shared at our club meetings, in our newsletter, WhatsApp group and on social media.

These organisations, and our Kai, are on Facebook, and you are encouraged to follow these pages.

**PRETORIA BONSAI KAI WORKSHOPS**

Any club member may attend the workshops for free. They are hosted monthly on a Saturday, at the homes of Carl De Beer in Rietfontein and Org Exley in The Reeds.

Typically, members take trees they need help with and join in the discussion of advice given by other members. We also work on trees together, sharing our creative ideas with the rest of the club.

**BEGINNERS' COURSE**

The beginners' course takes place at the home of Francois van As in Pretoria East. There is a fee payable to attend this course. The course is just one day and is an introduction to bonsai in general.

**WEBSITE**

The club website, www.pretoriabonsaikai.org, is a great source of information. There are books on bonsai for free download, and all the previous *Koedas (quarterly newsletters)* are also a valuable source of information.

**KOEDA**

*Koeda* is a detailed quarterly newsletter/magazine of the Pretoria Bonsai Kai. You will receive the *Koeda* via email, and as previously stated, they are all available on the website.

**WHATSAPP GROUP**

The members' WhatsApp group is there for any member to ask questions or share bonsai-related information. It is also a platform where information is given about the Kai's activities.

**BONSAI SHOP**

Our own bonsai shop is open at our meeting venue (*Waverley Dutch Reformed Church, 1402 Dickenson Ave, Waverley*). Bonsai items like pots, display tables, wire, tools, etc., are for sale. The items are very well priced and convenient to purchase at club meetings.

**LIBRARY**

The library is open at every club meeting. The library offers an extensive collection of almost every bonsai-related book published; it also has general tree books available.

**RAFFLE**

At every club meeting, members donate items (mostly trees) to the raffle table. The raffle takes place at every meeting. This is an excellent way to start a bonsai collection or to get interesting bonsai material.

**ANNUAL HIGHLIGHTS**

A highlight of the club's annual activities is the annual exhibition. The Kai usually holds an exhibition in October, but we have been doing shows at different times of the year with the Japanese embassy lately. When it is our turn to host the BRAT meeting, this is another annual highlight.

One annual meeting is at the home of a club member. Club members meet at the elected member's house for a combined social and informative gathering. It is a very enjoyable day where one gets to see the personal collection of that club member.

**GENERAL**

The Pretoria Bonsai Kai is one of the oldest and biggest clubs in the country, and the services on offer, as listed above, have been refined and improved over many years.

Being such an old club, the Kai is full of very enthusiastic and knowledgeable members. Members of the Kai are always willing to help and answer questions. The club culture is open and inviting, thus members can feel free to ask any questions during meetings. Club members become friends as we share the same enthusiasm and passion for our trees and bonsai as an art form.

**FREQUENTLY ASKED QUESTIONS**

Can I belong to more than one club? Yes

Can I bring friends and guests to meetings? Yes, and if they enjoy it, they are encouraged to join the club.

Is the club bilingual? The club is considered an Afrikaans club, but there are English members, and some correspondence and presentations are done in English too. The KOEDA is in both Afrikaans and English.

Does the club sell trees? No, but the club has a raffle of plants at every meeting. Sometimes the club goes on digs where we dig up trees from open land (with permission). There are often vendors at provincial and national events that might have trees for sale.

Do I have to have knowledge of bonsai or have previously owned bonsai to join the club? No

Are only high-standard trees in bonsai pots allowed at the club? No, please bring any tree, at any stage, to share with the club or ask questions about.

Do I need to live in Pretoria to belong to the club? No

Do I need to excuse myself if I can't make a club meeting? No

## AFRIKAANSE VERTALING

## WELKOM BY DIE PRETORIA BONSAI KAI

### INLEIDING

Deur by die Pretoria Bonsai Kai aan te sluit, word jy deel van 'n klub wat in 1969 gestig is. Die mede-stigter was een van Suid-Afrika se bonsai-legendes, Charles Ceronio.

Die Pretoria Bonsai Kai het 'n geskiedenis van hoë standaarde met vorige en hedendaagse lede wat hoog gerespekteer en bekend is.

### MAANDELIKSE NUUSBRIEF

Die meeste vrae word in hierdie nuusbrief beantwoord, of die toepaslike kontakpersoon se besonderhede vir 'n spesifieke onderwerp/aktiwiteit word verskaf. Jy sal maandeliks die nuusbrief per e-pos ontvang.

Die inligting in die nuusbrief sluit gewoonlik die volgende in:

1. 'n Opsomming van die vorige vergadering.

2. Die datums van die jaar se BRAT (Bonsai Streekvereniging Transvaal) geleenthede.
3. Die volgende Pretoria Bonsai Kai-vergadering besonderhede.
4. Die besonderhede van die volgende bonsai-werkswinkel.
5. Lede se verjaarsdae.
6. Die besonderhede van die volgende beginnerkursus.
7. Klubrekeningbesonderhede sowel as kontakbesonderhede vir komiteelede.

**BRAT, SABA en ABA**

Deur 'n betaalde lid van die Pretoria Bonsai Kai te wees, word jy onmiddellik 'n lid van BRAT, SABA (Suid-Afrikaanse Bonsai Vereniging) en ABA (Afrika Bonsai Vereniging).

'n Aangewese provinsiale klub wat aan BRAT behoort, sal 'n BRAT-dag aanbied. Die dag sluit gewoonlik in: kompetisiebome op uitstalling, demonstrasies, praatjies en verkope. Die toegangsfooi om so 'n dag by te woon is gewoonlik ongeveer R70. Daar is oor die algemeen vier BRAT-vergaderings per jaar.

'n Aangewese nasionale klub wat aan SABA of ABA behoort, sal 'n volle of mini-konvensie aanbied – gewoonlik een per jaar. Hierdie geleenthede bied aktiwiteite soortgelyk aan 'n BRAT-dag.

Volle besonderhede oor hierdie geleenthede sal meegedeel word by ons klubvergaderings, in ons nuusbrief, WhatsApp-groep en op sosiale media.

Hierdie organisasies, asook ons Kai, is op Facebook, en jy word aangemoedig om hierdie bladsye te volg.

## PRETORIA BONSAI KAI WERKSWINKELS

Enige klublid kan die werksessies gratis bywoon. Dit word maandeliks op 'n Saterdag aangebied by die huise van Carl De Beer in Rietfontein en Org Exley in The Reeds.

Gewoonlik neem lede bome waarmee hulle hulp nodig het en neem deel aan die bespreking van advies wat deur ander lede gegee word. Ons werk ook saam aan bome en deel ons kreatiewe idees met die res van die klub.

## BEGINNERSKURSUS

Die beginnerskursus word aangebied by die huis van Francois van As in Pretoria-Oos. Daar is 'n fooi betaalbaar vir die beginnerskursus. Die kursus is net een dag en is 'n inleiding tot bonsai in die algemeen.

## WEBWERF

Die klubwebwerf, www.pretoriabonsaikai.org, is 'n uitstekende bron van inligting. Daar is boeke oor bonsai vir gratis aflaai, en al die vorige *Koedas (kwartaallikse nuusbriewe)* is ook 'n waardevolle bron van inligting.

## KOEDA

*Koeda* is 'n gedetailleerde kwartaallikse nuusbrief/tydskrif van die Pretoria Bonsai Kai. Jy sal die *Koeda* per e-pos ontvang, en soos vroeër genoem, is dit alles op die webwerf beskikbaar.

## WHATSAPP GROEP

Die lede se WhatsApp-groep is daar vir enige lid om vrae te vra of bonsai-verwante inligting te deel. Dit is ook 'n platform waar inligting oor die Kai se aktiwiteite gegee word.

## DIE BONSAI WINKEL

Ons eie bonsaiwinkel is oop by ons vergaderplek (*Waverley Dutch Reformed Church, 1402 Dickenson Ave, Waverley*). Bonsai-items soos potte, vertoontafels, draad, gereedskap, ensovoorts, is te koop. Die items is baie goed geprys en gerieflik om by klubvergaderings te koop.

## BIBLIOTEEK

Die biblioteek is by elke klubvergadering oop. Die biblioteek het 'n uitgebreide versameling van byna elke bonsai-verwante boek wat gepubliseer is. Daar is ook algemene boomboeke beskikbaar.

## RAFFLE

By elke klubvergadering skenk lede items (meestal bome) aan die lootjietafel. Die lotery vind by elke vergadering plaas. Dit is 'n uitstekende manier om 'n bonsai-versameling te begin of om interessante bonsai-materiaal te kry.

## JAARLIKSE HOOGTEPUNTE

'n Hoogtepunt van die klub se aktiwiteite is die jaarlikse uitstalling. Die Kai hou gewoonlik 'n uitstalling in Oktober, maar ons doen die laaste paar jaar ook vertonings op verskillende tye van die jaar saam met die Japannese ambassade. Wanneer dit ons beurt is om die BRAT-vergadering aan te bied, is dit nog 'n jaarlikse hoogtepunt.

Een jaarlikse vergadering word gehou by die huis van 'n klublid. Klublede vergader by die verkose lid se huis vir 'n gesamentlike sosiale en inligtingsbyeenkoms. Dit is 'n baie aangename dag waar ons die persoonlike versameling van daardie klublid kan sien.

**ALGEMEEN**

Die Pretoria Bonsai Kai is een van die oudste en grootste klubs in die land, en die dienste wat aangebied word, soos hierbo gelys, is oor baie jare verfyn en verbeter.

Omdat dit so 'n ou klub is, is die Kai vol baie entoesiastiese en kundige lede. Lede van die Kai is altyd bereid om te help en vrae te beantwoord. Die klubkultuur is oop en uitnodigend, dus kan lede vry voel om enige vrae tydens vergaderings te vra. Klublede word vriende omdat ons dieselfde entoesiasme en passie vir ons bome en bonsai as kunsvorm deel.

**GEREELDE VRAE**

Kan ek aan meer as een klub behoort? Ja

Kan ek vriende en gaste na vergaderings bring? Ja, en as hulle daarvan hou, word hulle aangemoedig om by die klub aan te sluit.

Is die klub tweetalig? Die klub word as 'n Afrikaanse klub beskou, maar daar is Engelse lede, en sommige korrespondensie en aanbiedings word ook in Engels gedoen. Die KOEDA is in beide Afrikaans en Engels.

Verkoop die klub bome? Nee, maar die klub het 'n lotery van plante by elke byeenkoms. Soms gaan die klub op opgrawings waar ons bome van oop grond af uitgrawe (met toestemming). Daar is dikwels handelaars by provinsiale en nasionale geleenthede wat dalk bome te koop het.

Moet ek kennis van bonsai hê of voorheen bonsais besit het om by die klub aan te sluit? Nee

Word net hoë standaard bome in bonsaipotte by die klub toegelaat? Nee, bring asseblief enige boom, op enige stadium, om met die klub te deel of vrae oor te vra.

Moet ek in Pretoria woon om by die klub aan te sluit? Nee

Moet ek myself verskoon as ek nie 'n klubvergadering kan bywoon nie? Nee.